Vreemde Vuur

Lev.10: 1- 11 Lees!!

Lev 10:1 "En die seuns van Aäron, Nadab en Abíhu, het elkeen sy vuurpan geneem en vuur daarin gegooi en reukwerk daarop gesit en **vreemde vuur voor die aangesig van die HERE gebring**, wat Hy hulle **nie beveel het nie**.
:2 Daarop het daar **vuur van die aangesig van die HERE uitgegaan en hulle verteer**, en hulle het **gesterwe** voor die aangesig van die HERE."

Dit is interesant om daarop te let dat die **Heilige** en **onheilige** hier **saam gevind** word. Dit gebeur dikwels dat die mens **een oomblik in geestelike vervoering raak**, net om die volgende oomblik terug te val in sy **alledaagse lewe**.

Onverwags word die **mens aangegryp** tot die **neiging na sonde**, om in sy **verduistere toestand troubreek en egbreek** teenoor God te pleeg.

Dit was dan ook wat **Moses** aangetref het Nadat hy van die **berg Sinaí** afgeklim het. Die volk wat soveel **rede tot dankbaarheid** gehad het teenoor God,

die volk wat sovele male getuie gedra het van God se wonderwerke en **Almag** en **Krag**, was besig om vir hulle 'n **goue kalf te maak** om te **aanbid**, en te **vereer** en te **dien**.

Hierdie selfde **aangryping tot die sonde** vind ons by Aäron se **twee seuns**. Net kort tevore het God die offers van Aäron met **welgevalle aangeneem**, en hier is sy twee oudste seuns besig om teen die wil van God te sondig.

En moet God **Sy gerig met vuur oor hulle voltrek**.

Die rede waarom hulle so **wreed gestraf** is, is omdat hulle **vreemde vuur** voor die aangesig van God gebring het.

Hulle was van die heel eerste Priesters wat God aangestel het en tog was hulle **onwaardig bevind** om God se werk waar te neem.

*****

In die voorhof van die Tabernakel was daar **twee soorte vuur**:

Daar was gewone vuur waarop die **vleis** van die **offerdiere gekook** is, en daar was vuur wat uit die hemel neergedaal het en wat bestem was vir die **offers** en die **reukwerk**.

Vir die besonderse doel van die **offers** en die **reukwerk** mag alleenlik net die vuur wat God uit die **hemel gestuur het** gebruik word. Nadab en Abihu het waarskynlik nie gedink dit is **belangrik** van **watter vuur** hulle gebruik nie.

Solank hulle maar net die **vuurwerk kon brand**, was dit nie vir hulle **belangrik watse vuur** hulle gebruik nie. Hulle het gereken vuur is vuur. Wat maak dit nou saak vanwaar dit kom. Hulle wou net die **werk afgehandel** kry.

Deur die **groot eer** wat hulle te beurt geval het om as Priesters aangestel en geheilig te word het hulle **roekeloos** en **vermetel** geword. Soos baie van ons ook maar word wanneer ons in 'n **senior posisie** aangestel word.

Ons klim op 'n troontjie en ons begin om almal om ons te **hiet en gebied**. Ons ontwikkel so: **Ek is baas** en **jy is klaas** houding.

Sonder dat hulle die **opdrag** gekry het, en sonder **verlof van Moses** wat die diens gereël het, het elkeen van hulle hul reukpan geneem om **'n reukoffer** te brand. Dit was baie verwaand van hulle.

Hulle het self die **allerheiligste genader** met di**e doel** om daar **in te gaan**. Hulle het op hulle **eie goeddunke gehandel** en **nie gedoen** wat God hulle **beveel** het nie.

Hulle het 'n **eiewillige Godsdiens** gehad, hulle wou God dien volgens hulle **eie keuse**.

Hoewel dalk met 'n goeie bedoeling het hulle hul **ampsbevoegdheid te buite gegaan**. Hulle het die **grense** wat daar deur **die wet** aan hulle **gestel was oorskry**.

Hulle het hulle **vergryp teen die insettinge** van God. Dit was 'n vergryp teen die hoogheid, Majesteit en Heiligheid van God.

Die feit dat hierdie 'n **ernstige oortreding** was blyk uit die straf wat hulle vir hul **onbesonne daad ontvang**.

Nog voordat hulle die **Allerheiligste kon binnegaan** is hulle **verteer** deur 'n **vuur** wat van **God uitgegaan** het. Nog voordat hulle hul plan ten uitvoer kon bring was hulle nie meer daar nie. God het hulle **voor Sy aangesig weggevee**.

Nog voordat hulle daardie **besonderse voorreg kon smaak**, was dit hulle **alreeds ontneem**. God laat nie met Hom **speel** nie.

Hulle het hulle Heilige werk **onverskillig gedoen**, hulle Heilige werk het hulle **onverskillig hanteer**. Hulle werk vir die Here het hulle sonder die nodige **agting** en **respek** gedoen.

Hulle het nie die nodige **eerbied** betoon nie. Hulle het nie die nodige **erns** aan die dag gelê nie. Ons moet besef, dat **alles wat God aangaan** 'n **absolute ernstige saak** is.

Daar is niks omtrent **God** of Sy **Woord** of Sy **huis** of Sy **diens** wat ons ligtelik kan opneem nie. Ons kan nie met God **grappies maak** nie, ons kan ook nie van God **grappies maak** nie.

Daar is letterlik **miljoene ander dinge** in hierdie lewe waarmee en waarvan die mens **grappies** kan maak, maar die Here moet ons **nie terg nie**. God se saak is **'n ernstige saak**. God is nie **ons gelyke** nie.

Hy is **baie ver verhewe bo ons** of enige ander wese.

Lev. 9:22 "Daarna het Aäron sy hande na die volk toe opgehef en hulle geseën. En hy het afgeklim nadat hy die **sondoffer** en **brandoffer** en **dankoffer** gebring het.
:23 Daarop het Moses en Aäron in die tent van samekoms gegaan; en toe hulle uitkom, het hulle die volk geseën. **En die heerlikheid van die HERE het aan die hele volk verskyn**
:24 **vuur het van die aangesig van die HERE uitgegaan en op die altaar die brandoffer en die stukke vet verteer**. Toe die hele volk dit sien, het **hulle gejuig** en op hulle **aangesig** geval."

Nadat die Here hierdie offers van Moses en Aäron met **vuur aangeneem** het, het die seuns natuurlik gedink hulle kan **doen wat hulle wil** en God sal ook hulle offer aanneem.

Hulle was te veel bewus van hulle **eie waardigheid** en **vernaamheid**. Hulle was immers aangestel as **Priesters van God**. Hulle het 'n **baie vername** posisie beklee.

Wat hierdie hele saak nog erger maak is die feit dat hierdie twee seuns van Aäron ook nog onder die **invloed van alkohol** gewees het toe hulle hierdie **misdryf begaan** het.

Daarom sê die Here dan ook net direk na afloop van hierdie gebeure vir Aäron:

Lev. 10:8 "En die HERE het met Aäron gespreek en gesê:

Lev 10:9 **Moenie wyn of sterk drank drink nie**, **jy of jou seuns saam met jou** as julle in die **tent van samekoms ingaan**, dat julle **nie sterwe nie**; 'n **ewige insetting is dit vir julle geslagte**;
:10 en julle moet **onderskeid maak** tussen wat **heilig** en wat **onheilig**, en tussen wat **onrein** en wat **rein** is;"

Hierdie geld vir **ons ook** vandag, ons moet **onderskeid maak** tussen dit wat **rein** is en dit wat **onrein** is. Ons moet nie die **Heilige dinge** van God **ontheilig** nie.

Wanneer ons **wyn drink vergeet** ons wat **God se wil** is en wat **God se orde** is en wat **God** vir die **mens bepaal** het. Wyn maak jou baie **groot** en baie **dapper** en baie **slim,**

Hoe vreeslik moet dit nie wees om **bedwelmend deur drank** die **ewigheid** in te gaan nie, om **beneweld deur drank** deur **God se oordele getref** te word nie. Hoe vreeslik moet dit nie wees om in 'n beskonke toestand die **verskrikking van die dood** te smaak nie.

Hoeveel male in die lewe is ons nie dalk besig om **verkeerde vuur voor God** se **aangesig te bring** nie. Te veel keer doen ons dinge sonder om te vra: "**Wat is God se wil**"

Ons vra nie : "Wat het **God gebied** of wat **verlang God** nie." Ons doen net volgens ons **eie begeerlikheid** en ons **eie mening**. Ons is **mos groot** en kan vir **onsself besluit**, ons kan ons **eie keuses** maak.

Ons besluit ook **self hoe ons God wil dien**. Ons besluit hoe ons wil **kerkhou**. Ons besluit hoe die **diensorde** moet verloop. Ons doen soos ons dit **goedvind**.

Ons dink, as daar maar **reuwerk** gebring word, as daar maar **gesing** en **gebid** en **gepreek** word, dan is alles in orde. Volgens ons **eie denke** is dit die hoofsaak, die **wyse** waarop **alles gedoen word** is vir ons van **minder belang**, solank ons dit net doen.

En dan vra ons: "Waarom **woon** God nie meer **onder die lofsange** van Sy volk nie." Maar ons bring sulke **halwe offers**, ons bring **leë offers**, ons bring **verkeerde vuur** voor die aangesig van God."

Ons **matig onsself die reg** om God te dien **soos ons wil**, en nooit vra ons: "Here **wat wil U hê** nie? Here **hoe verkies U** dit?" **Ons Glo ons is reg**; ons doen dit **immers al vir jare so**.

Maar dan wil ek vra: Vir al die jare wat u reg is, hoeveel keer het u die **krag** van die Here ervaar? Hoeveel keer het u die **werklike teenwoordigheid** van die Here ervaar? Hoeveel keer het **God neergedaal** om **Self Sy vure** in die gemeente **aan te steek**.

Hoeveel keer het u met die **vuur van God in kontak** gekom? Indien u dit nog **nie ondervind** het nie of indien u dit **weinig ondervind** het, dan is u besig om **verkeerde vuur** voor God te bring.

Dan bring u **vreemde vuur** voor God, vuur wat God **nie wil aanneem nie**. Indien ons **vuur reg** is, en ons **offers reg** is, sal God in **vuur neerdaal** om die **offers te verteer**.

Dit sal die **teken wees** dat God die **offers aanneem**, wanneer ons **Sy vuur ervaar**, want God is 'n **vertereende vuur**.

Jes. 29:6 " Vanweë die HERE van die leërskare sal jy **in genade besoek word**, met **donder** en **aardbewing** en **groot gedruis**, **wind en storm** en die **vlam** van 'n **verterende vuur**."

God **besoek** die mens in die **vlam van 'n veterede vuur**.

Hand. 2:1 "En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal **eendragtig** bymekaar.
:2 En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n **geweldige rukwind**, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het.
:3 Toe is deur hulle **tonge gesien soos van vuur**, wat hulleself verdeel en op **elkeen van hulle gaan sit**.
:4 En hulle is **almal vervul met die Heilige Gees** en het begin **spreek in ander tale**, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek."

Dit is hoe die **dissipels God ervaar** het op die **dag van Pinkster**, en dit is hoe ons God vandag nog steeds ervaar.

Indien God nie **in vuur neerdaal** nie, het God nie ons **offers aangeneem** nie. Dan was ons **offers te swak** voor God, of dit was met die **verkeerde gesindheid** gebring.

Wie het die orde van ons dienste bepaal? Ons kan sê: "O", dit was **baie jare Gelede bepaal**, nie deur '**n spesifieke persoon** nie, ek glo dit is **hoe God dit self** ingestel het.

Indien **God dit self ingestel** het, hoekom het daar dan so baie van die **Roomse gebruike** in ons kerke behoue gebly? Hoekom moet ons dan doen waarvan die mense hou en wat vir die **mens aanvaarbaar** is?

Word alles nie **dalk maar gedoen** soos dit die **mens behaag** nie? Watter **rol speel tradisie** in ons dienste?

Mark. 7:13 "So maak julle dan die **woord van God kragteloos** deur julle **oorlewering** wat julle **bewaar** het; en **dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie**."

Ons leun op die vlees, **ons sondige harte sê vir ons wat om te doen**. Ons **sondige natuur** moet bepaal wat **reg** en wat **verkeerd** is, wat **goed** en wat **sleg** is, wat **gewens** en wat **ongewens** is, wat vir God **welgevallig** is en wat **nie vir God welgevallig is nie**.

So word **God se instellings** oor die jare met **menslike instellings vervang**.

Dit wat die **mens wil hê** word op die **voorgrond gestel** en as **noodsaaklik** beskou.

Geliefdes, so 'n **eiewillige Godsdiens** kan **God nie behaag nie**. Dit is niks anders as **vreemde vuur** voor God nie.

Daarom het Jesus die **eiewillige Godsdiens** van die **Fariseërs afgekeur** en **veroordeel**. Deur **hulle instellings** het hulle God se gebod kragteloos gemaak.

In menigte gevalle was dit **in totale teenstelling** met dit wat Moses hulle **geleer** het.

Mark. 7:7 "Maar **tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense** is.
:8 Want terwyl julle die **gebod van God nalaat**, hou julle aan die **oorlewering van mense vas**: die wassery van kanne en bekers, en ander dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie.
:9 En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die **gebod van God opsy te sit** en so julle **oorlewering te onderhou**."

Op 'n stadium in **enige mens** se lewe of **gemeente** se bestaan of **kerk** se bestaan, moet daar op die **knieë gegaan** word en gevra word: "**Wat is U wil Here**?"

Wat is die belangrikste, die **innerlike** of die **uiterlike**? Waar wil ons die kanne die skoonste hê – **binne** of **buite**?

Deur ons eiewillige Godsdiens ontheilig ons die wil van die Here en bring ons **Sy toorn oor ons**. Ons moet **versigtig wees** dat ons Godsdiens nie maar net **'n gewoonte word** nie. Ons moet seker maak dit is God se vuur wat in ons harte brand.